# ONS VERHOUDING TOT ENGELAND EN AMERIKA

Tot nog toe was dit eintlik vanselfsprekend dat die buitelandse verhoudinge van Suid-Afrika om Engeland georiënteer was, sowel politiek as kultureel, sowel ekonomies as diplomatiek, sowel tegnies as strategies.

Dit is algemeen bekend en heeltemal verklaarbaar, en wel omdat ons as Unie van Suid-Afrika in al die genoemde opsigte 'n skepping van Engeland was, omdat ons in sekere opsigte nog 'n deel is van die Britse Ryk of Gemenebes en ook omdat Engeland in die verlede die leierskap gevoer het in die Westerse beskawingsontwikkeling waartoe ons self behoort.

**Geleidelike loswerking van Engelse invloed.**

Soos ook bekend het ons sedert Unifikasie ons geleidelik begin loswerk van hierdie oorwegend Engelse beïnvloeding in baie opsigte. Dit was in eerste instansie die gevolg van die feit dat die Afrikanerdom algaande die leierskap in Suid-Afrika begin oorneem het.

Maar dit was ook 'n gevolg daarvan dat Engeland in sy Ryk en Gemenebes aan die een kant self daartoe meegewerk het om die onderdele meer selfstandig te maak (om hulle op die manier as vrywillige en meer beklemde bondgenote te behou) en aan die ander kant die hele blankedom van Suid-Afrika vervreemd het deur sy tegemoetkomende houding teenoor die (kommunistiese) Ooste en teenoor die naturelle van Afrika, om dieselfde rede as bo tussen hakies genoem.

Bowendien was dit 'n gevolg van die feit dat die Verenigde State van Amerika al meer leierskap in die Westerse wêreld van Engeland oorgeneem het, sodat ook ons tegniek en tegniese kultuur al grotendeels veramerikaans is.

**Oriëntering na Amerika.**

Hierdie laaste ontwikkeling, saam met die uitbreiding van die kommunisme in die Ooste, het meegebring dat sekere belangrike dele van die Britse Ryk en Gemenebes hulle geleidelik ook ekonomies en strategies en diplomatiek begin oriënteer het na Amerika aan die een kant en na Rusland aan die ander kant.

Die Amerikaanse oriëntering is veral merkbaar in die geval van Kanada en van Australië, van laasgenoemde meer bepaald sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die laaste onwikkeling is opvallend, insoverre hierdie mees Britse

dominium reeds 'n militêre en 'n algemene verbond met die Verenigde State gesluit het, waaruit Engeland uitgesluit is. Die Russies-Chinese (kommunistiese) oriëntering is die meeste merkbaar in die geval van die Indiës.

**Britse ryk mag in twee dele uiteenval.**

Ja, inderdaad is daar 'n sterk moontlikheid dat die Britse Ryk en Gemenebes binne afsienbare tyd in twee dele mag uiteenval, die een gerig na Amerika en die ander na die Ooste. Dit is ook bekend dat Amerika self voordurend pressie uitoefen om die bande van die Britse Ryk en Gemenebes te ontbind, en om die Britse dollargebrek in hierdie rigting uit te buit.

In hierdie proses is dit heel waarskynlik dat Amerika algaande 'n sterk vat sal verkry op die ontwikkeling van Noord- en Sentraal-Afrika in alle opsigte, terwille van die Westerse strategie en diplomasie.

**Die Unie verlaat hom nog sterk op Engeland.**

Nou is dit in hierdie verband opmerklik dat die Unie strategies, diplomatiek en ekonomies hom nog so sterk op Engeland verlaat en met die Verenigde State nog eintlik geen intieme kontak gemaak het nie, behalwe met die oog op die verkryging van sekere wapens en kapitaalgoedere, en met die oog op 'n paar leninge en onderhandelinge oor 'n verhoogde goudprys—die laasgenoemde waarvan ons tog ook weer grotendeels via Engeland laat plaasvind.

> Terwyl ons dus meer na Amerika georiënteer raak' moet Wes-Europa en Engeland noodwendig vir ons van waarde bly as stutte in die handhawing van ons selfstandigheid.

Oor die geheel egter sien ons vir ons buitelandse verdediging, vir ons buitelandse beleid en vir ons buitelandse kapitaal en handel nog in eerste instansie op na Engeland. Dit is begryplik op grond van die verlede; dit is ook verdedigbaar op grond van die oombliklike hede, maar dit is van uiters twyfelagtige waarde met die oog op die toekoms.

**Die gevare.**

Want om dit kort te sê, strategies kan dit ons blootstel aan 'n kommunistiese oorrompeling; diplomatiek kan dit ons vervreemd van die Nabye Ooste, en ekonomies kan dit ons ontwikkeling ondermyn deur die voortgaande ondergrawing van die sterlingfondament waarop ons ekonomie gebou is.

Laasgenoemde is waarskynlik die wortel van die moeilikheid as ons van die hede uit na die toekoms kyk. Want ons is op baie maniere aan sterling gekoppel en kan moeilik verwag om op ander gebiede sterk steun van Amerika te ontvang of heelhartige samewerking, as ons onsself ekonomies in 'n mate afsluit in die Britse verband, wat Amerika juis wil verbreek, om dit te vervang deur 'n Europese Unie en 'n Atlantiese en Pasifiese Verbond ens.

Ons vernaamste oorblywende sterlingbande is die volgende, en dit is opmerklik hoeveel van hulle direk teen Amerikaanse toenadering inwerk.

In die eerste plek het ons 'n vrye inwisselbaarheid met sterling en 'n vrye kapitaalvloei.

In die tweede plek gee ons op baie maniere handelsvoorkeur aan die sterlinggebied.

In die derde plek is ons invoerbeheer hoofsaaklik anti-dollar gerig.

In die vierde plek help ons mee om die sterlinggebied en veral Engeland van dollars te voorsien deur goud (en ander produkte) oor Engeland na die dollargebied te laat vloei.

Die redes vir hierdie beleid is behalwe histories en sentimenteel veral tweërlei:—nl. dat ons handel grotendeels met Engeland gevoer word en ons kapitaal hoofsaaklik daarvandaan verkry word.

Hierdie eensydige afhanklikheid word natuurlik versterk deur bogenoemde voorkeurmaatreëls, en kan alleen geleidelik geneutraliseer word deur verslapping van hierdie voorkeurmaatreëls, veral ten gunste van Amerika.

**Amerika sal meer tegemoetkomend moet wees.**

Dit sal natuurlik ook van Amerikaanse kant meer tegemoetkoming vereis wat betref kapitaalvoorsiening en invoertariefverslapping, wat wel in 'n groot mate ook bevorder kan word deur diplomatieke en strategiese toenadering.

Op sy beste sal dit egter maar 'n geleidelike proses wees, omdat veral ons uitvoer grotendeels nog op die Engelse mark aangewys is. Dat die proses egter soveel moontlik bespoedig sal word, is in ons belang, omdat die Engelse mark en die Engelse kapitaal vir ons algaande relatief minder voordelig word met die verswakking van sterling en gepaardgaande verskynsels van die Engelse ekonomie.

**Twee moontlikhede.**

Inhierdieverband bestaan daar nou twee moontlikhede wat bogenoemde gewenste proses sterk mag bevorder. Die een is die moontlikheid van 'n verhoging van die goudprys, wat meer dollars tot ons beskikking sal stel, veral as 'n deel van die gevolglike wins op die Amerikaanse goudreserwe vir buitelandse ontwikkelingsbelegging geoormerk word.

Die tweede is die devaluasie van sterling, nl. as ons in daardie geval sterling nie sou volg nie maar ons munt-eenheid sou toelaat om sy natuurlike ewewig met die dollar te vind en te behou.

Verskeie van ons ekonome begin nou sterk in hierdie rigting te dink, en die saak kan spoedig aktueel word as Amerika daarin slaag om die algemene vrye inwisselbaarheid van sterling te forseer, wat seker sy ruilwaarde sal afdruk.

Trouens die huidige pasifikasiebeleid van Rusland kan heel moontlik 'n meer of minder ernstige depressiè-atmosfeer skep, wat daartoe kan meewerk dat sowel die dollarprys van goud verhoog word as sterling nogeens gedevalueer word. Beide ontwikkelinge sal waarskynlik 'n sterk verhoogde tendens van Amerikaanse ontwikkelingsbelegging in Afrika meebring, waaruit ook ons groot voordeel sal kan trek as ons sterling nie in die devaluasie sou volg nie, altans nie op so 'n wyse dat die dollar vir ons weer 'n duur munt-eenheid sou word nie, omdat sowel invoer uit Amerika as Amerikaanse belegging in Suid-Afrika vir ons dan weer relatief duurder sou word.

**Waarom Suid-Afrika 'n moontlike sterlingdevaluasie nie sonder meer of geheel en al behoort te volg nie.**

Die redes wat in die algemeen teenswoordig deur ekonome aangevoer word waarom Suid-Afrika 'n moontlike sterlingdevaluasie nie sonder meer of geheel en al behoort te volg nie, is hoofsaaklik die volgende:

(a) Dat 'n verdere devaluasie van sterling waarskynlik sy waarde baie drasties sal verlaag.

(b) Dat die Britse mark vir Suid-Afrikaanse produkte dan relatief onvrugbaar sal word.

(c) Dat dit nie meer nodig is om soos in 1931-32 pariteit met sterling te handhaaf tot voorkoming van kapitaalvlug nie, omdat laasgenoemde nou op ander maniere voorkom kan word.

(d) Dat handhawing van pariteit met dollar kapitaaltoevloei en invoer in die dollargebied mag stimuleer tot groot voordeel vir ons ekonomie.

(e) Dat Suid-Afrika sodanige pariteit wel sal kan handhaaf.

Word hierdie beleid nou deur die verdere ontwikkelinge tot werklikheid, dan is dit duidelik dat ons losser geskakel sal word van Engeland en 'n nouer konneksie met die Verenigde State sal aanknoop, eers op ekonomiese gebied maar noodwendig mettertyd ook meer op die ander bogenoemde gebiede.

**Verhouding tot Engeland en Wes-Europa.**

Dit kan vir ons alleen tot voordeel wees, om klaarblyklike redes, mits ons daarby ons selfstandigheid nie inboet nie. Om die gevaar hiervoor te verminder sal dit in die eerste plek wenslik wees dat ons ons Engelse konneksie nie heeltemal tot nietigheid laat verswak nie (wat ook voordelig sal wees vir ons verhouding tot die res van Afrika, iets van groot en groeiende belang vir ons) en dat ons terselfdertyd ons verbindinge met Wes-Europa versterk.

Terwyl ons dus meer na Amerika georiënteer raak, moet Wes-Europa en Engeland noodwendig vir ons van waarde bly as stutte vir die handhawing van ons selfstandigheid teenoor die Verenigde State, veral ook wat ons Afrika-beleid betref.

**Openhartige toenadering na die Verenigde State van Amerika.**

Terselfdertyd hoef ons nie uit vrees vir oorbeïnvloeding vanuit Amerika onsself angsvallig weg te hou van openhartige toenadering na daardie kant nie. As die regeringshoofde in selfs Engeland en Frankryk en Duitsland, een na die ander, in Amerika gaan kuier om beter verstandhouding en meer effektiewe hulp te verkry, hoef ons dit tog seker nie benede ons waardigheid te ag om minstens ewe tegemoetkomend en openhartig ons in Washington te laat verteenwoordig as in Londen nie. Tot nog toe het ons in hierdie rigting geen duidelike beweging gedoen nie, Is dit nodig of wenslik om nog veel langer te wag?

Sal selfs die Amerikaanse pers nie 'n vriendeliker houding teenoor ons en ons beleide inneem as ons aan Amerika te verstaan gee dat ons van plan is om die Britse Ryks en Gemenbes-beperkinge op te ruim ten bate van 'n gesonde en vrye wisselverkeer sover dit ons betref nie?

L. J. du PLESISS.